

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.



OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES - AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Tuesday, 1st March, 1960

WINDHOEK

Dinsdag, 1 Maart 1960

No. 2240

CONTENTS

INHOUD.

Page/Bladsy

PROCLAMATION—

No. 15 Main Road 58, District Gobabis: Deviation of . . .

PROKLAMASIE—

Grootpad 58, Distrik Gobabis: Verlegging van . . . 162

GOVERNMENT NOTICES:—

- No. 45 Marriage Officer: Appointment
- No. 46 Fisheries Development Advisory Board: Appointment of Member
- No. 47 Municipality of Lüderitz: Amendment of Bungalow Regulations
- No. 48 Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Water Supply Regulations
- No. 49 Prices of Dairy Products
- No. R. 58 (Union) S. A. Medical and Dental Council: Rules Regarding the Registration of the Specialities of Medical Practitioners and Dentists etc.
- No. R.182 (Union) Customs Act, 1955: Imposition of an Ordinary Dumping Duty
- No. R.211 (Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/23)
- No. R.212 (Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/24)
- No. R.213 (Union) Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/25)
- No. R.214 (Union) Customs Act, 1955: Admission of Certain Goods at Reduced Rates of Duty

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

- Huweliksbevestiger: Aanstelling 162
- Visserye-ontwikkelingsadviesraad: Aanstelling van Lid 162
- Munisipaliteit van Lüderitz: Wysiging van Strandhuisregulasies 163
- Munisipaliteit van Otjiwarongo: Wysiging van Waterleweringsregulasies 163
- Pryse van Suiwelprodukte 163
- (Unie) S. A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls aangaande die Registrasie van Specialiteite van Geneeshere en Tandartse ens. 164
- (Unie) Doeanewet, 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg 168
- (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/23) 168
- (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/24) 168
- (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/25) 169
- (Unie) Doeanewet, 1955: Toelating van Sekere Goedere teen Verlaagde Tariewe 170

GENERAL NOTICES:—

- No. 22 Return of Farms under Quarantine: 1.12.59
- No. 23 Return of Farms under Quarantine: 1.1.60
- No. 24 Application to have Land proclaimed a Private Game Reserve: District Okahandja
- No. 25 Mines: Withdrawal from Pegging for all Minerals outside the Police Zone
- No. 26 Proposed Establishment of Industrial Sites, Residential Areas for Coloureds and for Whites, Windhoek
- No. 93 (Union). Building Societies Returns: December 1959
- No. 99 (Union). S. A. Council for Scientific and Industrial Research: Revision of Specifications
- No. 100 (Union). S. A. Council for Scientific and Industrial Research: Amendment of Specifications
- No. 112 (Union). S. A. Council for Scientific and Industrial Research: Declaration of Standardization Mark

ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

- Opgawe van Plase onder Kwarantyn: 1.12.59 170
- Opgawe van Plase onder Kwarantyn: 1.1.60 171
- Aansoek om Grond tot 'n Private Wildreserwe te laat proklameer: Distrik Okahandja 171
- Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking vir alle Minerale buite die Polisiestreek 172
- Voorgestelde Stigting van Nywerheidsgebiede, Woonbuurtes vir Kleurlinge en vir Blankes, Windhoek 172
- (Unie) Bouverenigingsopgawes: Desember, 1959 172
- (Unie) S. A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Hersiening van Spesifikasies 173
- (Unie) S. A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Wysiging van Spesifikasies 174
- (Unie) S. A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Verklaring van Standaardmerk 174

ADVERTISEMENTS:—

Estate Notices etc., etc., etc.

ADVERTENSIES:—

Boedelkennisgewings ens., ens., ens. 175

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 15 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the following words be inserted just after the word "Summerdown No. 333" where it appears for the first time in Schedule II of Proclamation 36 of 1953 (Description of Main Road 58):—

"Portion 2 of Summerdown No. 333 (Road Reserve falls partly on the adjoining farm Summerdown No. 333) and Summerdown No. 333."

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Cape Town this 1st day of February, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 15 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende woorde ingevoeg word net na die woord "Summerdown No. 333" waar dit vir die eerste keer voorkom in Bylae II van Proklamasie 36 van 1953 (Beskrywing van Grootpad 58):—

„Gedeelte 2 van Summerdown No. 333 (padreserwe val gedeeltelik op die aangrensende plaas Summerdown No. 333) en Summerdown No. 333."

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Kaapstad op hierdie 1ste dag van Februarie 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 45.]

[1st March, 1960.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (2) of Section *five* of the Solemnization of Marriages Proclamation 1920, (Proclamation 31 of 1920) to approve of the appointment of the under-mentioned person as Marriage Officer for South West Africa, with effect from the date mentioned:—

<i>Name.</i>	<i>Denomination.</i>	<i>Date.</i>
Mr. Peter Paul Weber. Departement of Bantu Affairs, Ondangua, Ovamboland.		27-1-1960

No. 46.]

[1st March, 1960.

FISHERIES DEVELOPMENT ADVISORY BOARD: APPOINTMENT OF MEMBER.

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased, in terms of section

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 45.]

[1 Maart 1960.

HUWELIKSBEVESTIGER: AANSTELLING.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (2) van Artikel *vyf* van „De Huweliksvoltrekkings Proklamatie 1920" (Proklamasie 31 van 1920), sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van die ondergenoemde persoon as Huweliksbevestiger vir Suidwes-Afrika, met ingang vanaf die datum genoem:—

<i>Naam</i>	<i>Kerkgemeenskap</i>	<i>Datum</i>
Mnr. Peter Paul Weber. Departement van Bantoesake, Ondangua, Ovamboland.		27-1-1960

No. 46.]

[1 Maart 1960.

VISSERYE-ONTWIKKELINGSADVIESRAAD: AANSTELLING VAN LID.

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag het om, ooreenkomstig

16(2) of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance 12 of 1949), to appoint Mr. C. G. du Plessis as a member of the Fisheries Development Advisory Board for the period 2nd February, 1960, to 30th June, 1960, to fill the vacancy caused by the death of Dr. J. M. Marchand.

die bepalings van artikel 16(2) van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949), mnr. C. G. du Plessis vir die tydperk 2 Februarie 1960 tot 30 Junie 1960 as lid van die Visserye-ontwikkelingsadviesraad aan te stel, om die vakature te vul wat deur die dood van dr. J. M. Marchand veroorsaak is.

No. 47.] [1st March, 1960.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and sixty*, read with section *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance 3 of 1949) as amended, to approve of the undermentioned amendment to the regulations published under Government Notice No. 327 of 1958 as amended by Government Notice No. 71 of 1959.

MUNICIPALITY OF LUDERITZ.

AMENDMENT OF BUNGALOW REGULATIONS.

Item 1 of Schedule "A" is hereby amended by the insertion of the words "Type A" after the word "Bungalow" in (a), and the insertion of the words "Bungalow — Type "B" — 18/- per day or part of a day" immediately below the existing line.

Item 2 of Schedule "A" is hereby amended by the insertion of the words "Type A" after the word "Bungalow" in (a), and the insertion of the words "Bungalow Type "B" — 11/- per day or part of a day" immediately below the existing line.

No. 48.] [1st March, 1960.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and sixty* read with section *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance, 1949 (No. 3 of 1949) as amended, to approve of the undermentioned amendment to the regulations published under Government Notice 322 of 1945 as amended by Government Notices 123 of 1952 and 135 of 1959.

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO

Amendment of Water Supply Regulations

The Water Supply Regulations of the Municipality of Otjiwarongo are hereby amended by —

The deletion of Tariff 1 of Schedule "B" and the substitution thereof of the following new Tariff:—

1. For water exclusive of water supplied to premises which are owned by the South African Railways and Harbours Administration, 10d. per 100 gallons or part thereof with a minimum payment of 15/- per month.

No. 49.] [1st March, 1960.

PRICES OF DAIRY PRODUCTS

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by Section *eight* of the Dairy Industry Control Ordinance, 1931 (Ordinance No. 16 of 1931) as amended, to approve, with effect from the first day of December, 1959, of the amendment of the Schedule to Government Notice No. 30 of the 1st February, 1960, as follows:—

(a) the words "three shillings one and a half pence" are substituted for the words "three shillings and two-pence" in paragraph 1(1)(a),

(b) the words "two shillings eleven and a half pence" are substituted for the words "three shillings" in paragraph 1(1)(b), and

(c) the words "two shillings nine and a half pence" are substituted for the words "two shillings and ten pence" in paragraph 1(1)(c).

No. 47.] [1 Maart 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by Artikel *eenhonderd-en-sestig*, gelees met artikel *eenhonderd nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennissgewing 327 van 1958, soos gewysig deur Goewermentskennissgewing 71 van 1959.

MUNISIPALITEIT VAN LUDERITZ.

WYSIGING VAN STRANDHUISREGULASIES.

Item 1 van Bylaag „A" word hiermee gewysig deur die byvoeging van die woorde „Tipe A" na die woord „Strandhuise" in (a), en die byvoeging van die woorde „Strandhuise — Tipe „B" — 18/- per dag of gedeelte van 'n dag" onmiddellik onder die bestaande reël.

Item 2 van Bylaag „A" word hiermee gewysig deur die byvoeging van die woorde „Tipe A" na die woord „Strandhuise" in (a), en die byvoeging van die woorde „Strandhuise — Tipe „B" — 11/- per dag of gedeelte van 'n dag" onmiddellik onder die bestaande reël.

No. 48.] [1 Maart 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *eenhonderd-en-sestig* gelees met artikel *eenhonderd-nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (No. 3 van 1949), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennissgewing 322 van 1945 soos gewysig by Goewermentskennissgewings 123 van 1952 en 135 van 1959.

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO

Wysiging van Waterleweringsregulasies

Die Waterleweringsregulasies van die Munisipaliteit van Otjiwarongo word hierby gewysig deur —

Tarief 1 van Bylae „B" te skrap en te vervang met die volgende nuwe tarief:—

1. Vir water met uitsluiting van water wat aan persele gelewer word wat die eiendom is van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Administrasie, 10d. per 100 gellings of gedeelte daarvan met 'n minimale aanslag van 15/- per maand.

No. 49.] [1 Maart 1960.

PRYSE VAN SUIWELPRODUKTE

Dit behaag die Administrateur om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1931 (Ordonnansie 16 van 1931), soos gewysig, met ingang van die eerste dag van Desember 1959 die Bylae tot Goewermentskennissgewing 30 van 1 Februarie 1960 soos volg te wysig:—

(a) die woorde „drie sjielings en twee pennies" in paragraaf 1(1)(a) word vervang deur die woorde „drie sjielings een en 'n half pennie"

(b) die woorde „drie sjielings" in paragraaf 1(1)(b) word vervang deur die woorde „twee sjielings elf en 'n half pennies", en

(c) die woorde „twee sjielings en tien pennies" in paragraaf 1(1)(c) word vervang deur die woorde „twee sjielings nege en 'n half pennies".

No. R. 58 (Union)]

[15th January, 1960.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

RULES REGARDING THE REGISTRATION OF THE SPECIALITIES OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS, THE REQUIREMENTS TO BE SATISFIED BEFORE THEIR SPECIALITIES CAN BE REGISTERED, THE CONDITIONS WHICH SHALL EXEMPT ANY PERSON FROM SUCH REQUIREMENTS AND THE CONDITIONS GOVERNING THE PRACTICE OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS WHOSE SPECIALITIES HAVE BEEN REGISTERED.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, has approved of the substitution of the following rules made by the South African Medical and Dental Council under paragraph (r) of sub-section (2) of the said section for the rules published under Government Notice No. 129 of 27th January, 1956, as amended:—

Definitions:

1. In these rules "the Act" means the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, and any expression to which a meaning has been ascribed in the Act shall, when used in these rules, bear the same meaning.

2. In these rules unless inconsistent with the context:— "speciality" means one of the branches of medicine or dentistry set out in rule 3;

"specialist" means a medical practitioner or dentist whose speciality or specialities have been registered under section *thirty-three* of the Act and who confines his practice to such speciality or specialities;

"medical specialist" means a medical practitioner whose speciality has been registered;

"dental specialist" means a dentist whose speciality has been registered;

"general medical practitioner" means a medical practitioner not registered as a specialist;

"general dental practitioner" means a dentist not registered as a specialist.

General rules relating to all specialities:

3. The following specialities shall be registrable in terms of section *thirty-three* of the Act:—

(a) MEDICAL PRACTITIONERS.

<i>Speciality.</i>	<i>Designation.</i>
Surgery	Specialist Surgeon.
Medicine	Specialist Physician.
Obstetrics and gynaecology or Midwifery and Diseases of Women	Specialist Obstetrician and Gynaecologist or Specialist in Midwifery and Diseases of Women.
Anaesthetics	Specialist Anaesthetist.
Dermatology or Diseases of the Skin	Specialist Dermatologist or Specialist in Diseases of the Skin.
Neurology or Diseases of the Nervous System	Specialist Neurologist or Specialist in Diseases of the Nervous System.
Neuro-Surgery or Surgery of the Nervous System	Specialist Neuro-Surgeon or Specialist in Neuro-Surgery.
Ophthalmology or Diseases of the Eye	Specialist Ophthalmologist or Specialist in Diseases of the Eye.
Orthopaedics	Specialist Orthopaedist.
Otorhinolaryngology or Diseases of the Ear, Nose and Throat	Specialist Otorhinolaryngologist or Specialist in Diseases of the Ear, Nose and Throat.
Pathology	Specialist Pathologist.
Pediatrics or Diseases of Children.	Specialist Pediatrician or Specialist in Diseases of Children.

No. R. 58 (Unie)]

[15 Januarie 1960.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

REÛLS AANGAANDE DIE REGISTRASIE VAN SPESIALITEITE VAN GENEESHERE EN TANDARTSE, DIE VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD ALVORENS HULLE SPESIALITEITE GEREGEREER KAN WORD, DIE VOORWAARDES WAT ENIGE PERSOON VAN SODANIGE VEREISTES VRYSTEL, EN DIE VOORWAARDES BETREFFENDE DIE BEHEER VAN PRAKTYKE VAN GENEESHERE EN TANDARTSE WIE SE SPESIALITEITE GEREGEREER IS.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die vervanging deur die volgende reëls, opgestel deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad ingevolge paragraaf (r) van subartikel (2) van genoemde artikel van die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 129 van 27 Januarie 1956, soos gewysig:—

Woordbepalinge.

1. In hierdie reëls beteken „die Wet”, die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, en enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, het dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie reëls gebruik word.

2. In hierdie reëls tensy uit die samehang anders blyk, beteken:— „Spesialiteit”, een van die afdelings van die geneeskunde of tandheelkunde;

„spesialis”, 'n geneesheer of tandarts wie se spesialiteit of spesialiteite geregistreer is ingevolge artikel *drie-enderdertig* van die Wet en wat sy praktyk tot sodanige spesialiteit of spesialiteite beperk;

„mediese spesialis”, 'n geneesheer wie se spesialiteit geregistreer is;

„tandheelkundige spesialis”, 'n tandarts wie se spesialiteit geregistreer is;

„algemene mediese praktisyn”, 'n geneesheer wat nie as 'n spesialis geregistreer is nie;

„algemene tandheelkundige praktisyn”, 'n tandarts wat nie as 'n spesialis geregistreer is nie;

Algemene reëls betreffende alle spesialiteite.

3. Die volgende spesialiteite is ingevolge artikel *drie-enderdertig* van die Wet registreerbaar:—

(a) GENEESHERE.

<i>Spesialiteit</i>	<i>Benaming</i>
Chirurgie	Spesialis-chirurg.
Geneeskunde	Spesialis-internis.
Obstetrie en ginekologie of verloskunde en vrouesiektes	Spesialis-obstetriekus en ginekoloog of spesialis in die verloskunde en vrouesiektes.
Narkose	Spesialis-narkotiseur.
Dermatologie of huidsiektes	Spesialis-dermatoloog of spesialis in huidsiektes.
Neurologie of siektes van die senuweestelsel	Spesialis-neuroloog of spesialis in siektes van die senuweestelsel.
Neuro-chirurgie of chirurgie van die senuweestelsel	Spesialis-neurochirurg, of spesialis in die chirurgie van die senuweestelsel.
Oftalmologie of oogsiektes	Spesialis-oftalmoloog of spesialis in oogsiektes.
Ortopedie	Spesialis-ortopedis.
Otorinolaringologie of oor-, neus- en keelsiektes	Spesialis-otorinolaringoloog of spesialis in oor-, neus- en keelsiektes.
Patologie	Spesialis-patoloog.
Pediatrie of kindersiektes	Spesialis-pediater of spesialis in kindersiektes.

Physical Medicine	Specialist in Physical Medicine.	Fisiese geneeskunde	Spesialis in die fisiese geneeskunde.
Plastic Surgery	Specialist Plastic Surgeon.	Plastiese chirurgie	Spesialis-plastiekchirurg.
Psychiatry or Mental Disorders	Specialist Psychiatrist or Specialist in Mental Disorders.	Psigiatrie of sielsiektes	Spesialis-psigiater of spesialis in sielsiektes.
Diagnostic Radiology	Specialist Diagnostic Radiologist.	Diagnostiese radiologie	Spesialis in die diagnostiese radiologie.
Therapeutic Radiology	Specialist Therapeutic Radiologist.	Terapeutiese radiologie	Spesialis in die terapeutiese radiologie.
Thoracic Surgery	Specialist Thoracic Surgeon.	Torako-chirurgie	Spesialis-torakochirurg.
Urology or Diseases of the Genito-urinary System	Specialist Urologist or Specialist in Genito-urinary Diseases.	Urologie of siektes van die geslagsurinstelsel	Spesialis-uroloog of spesialis in siektes van die geslagsurinstelsel.
Venereology or Venereal Diseases	Specialist Venereologist or Specialist in Venereal Diseases.	Venerologie of veneriese siektes	Spesialis-veneroloog of spesialis in veneriese siektes.

(b) DENTISTS.

Speciality	Designation
Orthodontics	Specialist Orthodontist.
Maxillo-facial and Oral Surgery	Specialist Maxillo-facial and Oral Surgeon.

4. A medical practitioner or dentist may not have more than one speciality registered against his name or practise more than one speciality simultaneously except in the following cases in which the specialities bracketed together shall be regarded as associated specialities and a medical practitioner or dentist (on compliance with the conditions hereinafter laid down) may have one or both such specialities registered and may practise both:—

Speciality	Designation
Dermatology or Diseases of the Skin	Specialist Dermatologist or Specialist in Diseases of the Skin.
Venereology or Venereal Diseases	Specialist Venereologist or Specialist in Venereal Diseases.
Neurology or Diseases of the Nervous System	Specialist Neurologist or Specialist in Diseases of the Nervous System.
Psychiatry or Mental Disorders	Specialist Psychiatrist or Specialist in Mental Disorders.
Diagnostic Radiology	Specialist Diagnostic Radiologist.
Therapeutic Radiology	Specialist Therapeutic Radiologist.

Requirements for registration of a speciality by a medical practitioner.

5. A medical practitioner who desires to have his speciality entered in the register shall be required:—

- (a) to hold a higher qualification in the form of a degree or diploma related to the speciality concerned; such degree or diploma to be of a standard acceptable to the Council;
- (b) to submit proof to the Council that a period of at least six years has elapsed after obtaining a qualification which entitled him to registration as a medical practitioner or a "resident medical officer" in terms of the regulations framed under the provisions of section *twenty-two* of the Act or as an intern in terms of the regulations framed under the provisions of section *twenty-five* of the Act;

NOTE — The year which a practitioner served as a 'resident medical officer' or an intern may be one of the six years referred to above.

- (c) to submit proof to the Council that, subsequent to having registered as a medical practitioner, he has spent at least 2 years in the practice of one of the branches of medicine, with the proviso that at least twelve months of this period shall have been spent in one of, or a combination of the following;

(b) TANDARTSE.

Spesialiteit	Benaming
Ortodonsie	Spesialis-ortodontis.
Kaak-, gesigs- en mondchirurgie	Spesialis in die kaak-, gesigs- en mondchirurgie.

4. 'n Geneesheer of tandarts mag nie meer as een spesialiteit teenoor sy naam geregistreer hê nie, of meer as een spesialiteit tegelyk beoefen nie, behalwe in die volgende gevalle waar die saamgekoppelde spesialiteite as verwante spesialiteite beskou word, en 'n geneesheer of tandarts (wat voldoen het aan die vereistes wat hieronder vasgestel is) kan een of beide van sodanige spesialiteite laat registreer, en in beide praktiseer: —

Spesialiteit	Benaming
Dermatologie of huidsiektes	Spesialis-dermatoloog of spesialis in huidsiektes.
Venerologie of veneriese siektes	Spesialis-veneroloog of spesialis in veneriese siektes.
Neurologie of siektes van die senuweestelsel	Spesialis-neuroloog of spesialis in siektes van die senuweestelsel.
Psigiatrie of sielsiektes	Spesialis-psigiater of spesialis in sielsiektes.
Diagnostiese radiologie	Spesialis in die diagnostiese radiologie.
Terapeutiese radiologie	Spesialis in die terapeutiese radiologie.

Vereistes vir die registrasie van 'n spesialiteit deur 'n geneesheer.

5. Van 'n geneesheer wat sy spesialiteit in die register wil laat inskryf, word vereis —

- (a) dat hy 'n hoër kwalifikasie in die vorm van 'n graad of diploma wat in verband staan met die betrokke spesialiteit besit; die standaard van sodanige graad of diploma moet vir die Raad aanneemlik wees;
- (b) dat hy bewys aan die Raad lewer dat 'n tydperk van minstens ses jaar verstryk het sedert hy 'n kwalifikasie behaal het wat hom, ingevolge die regulasies opgestel kragtens die bepalinge van artikel *twee-en-twintig* van die Wet, die reg verleen op registrasie as 'n geneesheer of 'n „inwonende geneesheer”, of, ingevolge die regulasies opgestel kragtens die bepalinge van artikel *vyf-en-twintig* van die Wet, as 'n intern;

OPMERKING — Die jaar wat 'n geneesheer diens doen as „inwonende geneesheer” of intern kan een van die ses jaar wees wat hierbo genoem word;

- (c) dat hy bewys aan die Raad voorlê dat sedert registrasie as 'n geneesheer hy minstens 2 jaar ondervinding opgedoen het in een van die afdelings van geneeskunde, met dien verstande dat gedurende dié tydperk hy minstens twaalf maande ondervinding opgedoen het in een of 'n kombinasie van die volgende: —

- (i) General practice.
- (ii) General medicine.
- (iii) General surgery.

(Medical practitioners training in pathology are exempted from the requirement of the above-mentioned proviso).

Notes to rule 5(c):—

Note (1). — It is desirable that this experience be obtained before the clinical experience in the relevant speciality prescribed in paragraph (d) hereunder.

Note (2). — Work performed during the first year after qualification, i.e. during the intern year, is not recognised as experience under 5(c).

Note (3). — Periods of less than 3 months (with the exception of work as locum tenens in general practice) will not be recognised under 5(c), except where a person needs a lesser period for completion of the prescribed experience of 24 months.

(d) to satisfy the following additional specific requirements in the speciality which he wishes to have registered against his name:—

(i) In the specialities medicine, surgery; obstetrics and gynaecology; anaesthetics; dermatology, neurology; neuro-surgery; ophthalmology; orthopaedics; otorhinolaryngology; pediatrics, physical medicine; plastic surgery; psychiatry; diagnostic radiology; therapeutic radiology; thoracic surgery; urology; venereology — that he has had three years' satisfactory clinical experience as the holder of a clinical appointment under the control of the department in a teaching hospital;

(ii) in the speciality pathology — that he has had three years' satisfactory experience in a teaching institution or university recognised by the Council in all the subjects of general pathology.

Notes to rule 5(d):—

Note (1) — Experience in a hospital, or hospitals, during the first two years after qualification will not be acceptable towards the requirements of rule 5(d), above;

Note (2) — Experience at a hospital or institution of less than six months duration will not be regarded as satisfactory experience as prescribed under rule 5(d), except where a person needs a lesser period for completion of the prescribed training of *thirty-six* months.

Note (3) — If a practitioner has had two years' satisfactory experience in his speciality in an approved hospital or institution, he may be given a maximum credit of twelve months' specialistic training (or if less than two years' experience, but not less than six months' experience, a proportionate exemption, provided that the total exemption does not exceed twelve months).

Note (4) — Credit may be given for general practice depending on the quality and type of general practice done, provided such practice was done for a period of at least eight years. (This note is not applicable to the speciality pathology).

Note (5) — Total credit accorded in terms of Notes (3) and (4) above may not exceed twelve months, and the minimum time which shall be spent under the control of the department in a teaching hospital shall be two years.

Note (6) — Where a medical practitioner wishes to specialise in both dermatology and venereology the periods specified under the rule prescribing clinical specialistic experience in dermatology and venereology

- (i) Algemene praktyk.
- (ii) Algemene geneeskunde.
- (iii) Algemene chirurgie.

(Bovermelde voorbehoudsbepaling is nie van toepassing in die geval van geneeshere wat in die patologie opgelei word nie).

Opmerkings by reël 5(c).

Opmerking (1) — Dit is wenslik dat hierdie ondervinding voor die kliniese ondervinding in die betrokke spesialiteit, voorgeskryf in paragraaf (d) hieronder, opgedoen word.

Opmerking (2) — Werk verrig gedurende die eerste jaar na kwalifisering as geneesheer, d.i. gedurende die internjaar, word nie gereken as ondervinding ingevolge die bepaling van reël 5(c) nie.

Opmerking (3) — Met uitsondering van werk verrig as locum tenens in algemene praktyk, sal tydperke van minder as 3 maande nie erken word ingevolge die bepaling van reël 5(c) nie, behalwe waar 'n persoon 'n korter tydperk nodig het vir voltooiing van die voorgeskrewe ondervinding van vier-en-twintig maande.

(d) dat hy aan die volgende bykomende spesifieke vereistes voldoen het in die spesialiteit wat hy teenoor sy naam wil laat registreer;

(i) in die spesialiteite geneeskunde, chirurgie, obstetrie en ginekologie, narkose, dermatologie, neurologie, neuro-chirurgie, oftalmologie, ortopedie, otorinolaringologie, pediatrie, fisiese geneeskunde, plastiese chirurgie, psigiatrie, diagnostiese radiologie, terapeutiese radiologie, torako-chirurgie, urologie, venerologie — dat hy drie jaar bevredigende kliniese ondervinding opgedoen het in 'n kliniese betrekking onder die beheer van die afdeling in 'n opleidingshospitaal;

(ii) in die spesialiteit patologie — dat hy drie jaar bevredigende ondervinding opgedoen het in al die vakke van die algemene patologie in 'n opleidingsinrigting of universiteit wat deur die Raad erken word.

Opmerkings by reël 5(d): —

Opmerking (1) — Ondervinding in 'n hospitaal of hospitale, gedurende die eerste twee jare na kwalifisering as geneesheer, sal nie aanneemlik wees vir die vereistes van reël 5 (d) nie.

Opmerking (2) — Ondervinding van minder as ses maande in 'n hospitaal of inligting word nie beskou as bevredigende ondervinding soos in reël 5(d) voorgeskryf nie, behalwe waar 'n persoon 'n korter tydperk nodig het om die voorgeskrewe ses-en-dertig maande opleiding te voltooi.

Opmerking 3 — Indien 'n geneesheer twee jaar bevredigende ondervinding in sy spesialiteit in 'n goedgekeurde hospitaal of inrigting opgedoen het, kan hy vir hoogstens twaalf maande spesialiteitsopleiding erkenning ontvang (of indien minder as twee jaar maar minstens ses maande ondervinding, dan 'n proporsionele vrystelling, met dien verstande dat die totale vrystelling nie twaalf maande te bowe gaan nie).

Opmerking (4) — Erkenning kan verleen word vir algemene praktyk en sal afhang van die kwaliteit en soort algemene praktyk wat beoefen is, mits sodanige praktyk vir 'n tydperk van minstens agt jaar beoefen is. (Hierdie opmerking is nie van toepassing op die spesialiteit patologie nie).

Opmerking (5) — Totale erkenning verleen ingevolge Opmerkings (3) en (4) hierbo mag nie meer as twaalf maande wees nie en die minimum ondervinding onder die beheer van die departement in 'n opleidingshospitaal moet twee jaar wees.

Opmerking (6) — Indien 'n geneesheer in die dermatologie sowel as in die venerologie wil spesialiseer, word die tydperke gespesifiseer in die reël wat die vereistes vir kliniese spesialiteitsondervinding in dermatologie en venerologie voorskryf, twee jaar elk,

gy each become two years making a total of four years; provided that the total period spent in a teaching hospital shall not be less than three years.

Note (7) — Where a medical practitioner wishes to specialise in both neurology and psychiatry, the total period of clinical specialistic training becomes five years with a minimum of two years' experience in each speciality.

Note (8) — In the speciality psychiatry, clinical experience in terms of the above rules shall include a minimum of twelve months' experience in a mental hospital of which at least six months must be in a mental hospital which is also a teaching hospital; in the case of work done in a mental hospital which is not also a teaching hospital, the provisions of *Note (3)* above, will apply.

Note (9) — Where a practitioner wishes to specialise in both diagnostic radiology and therapeutic radiology the total period of clinical specialistic training becomes five years, with a minimum of two years' experience in each speciality.

6. Notwithstanding anything to the contrary in these rules contained, it shall be lawful for the Council to register the speciality of a medical practitioner who has not fully complied with the requirements of these rules, if the Council, after due enquiry, is satisfied that such medical practitioner is competent to practise as a specialist.

Requirements for registration of a speciality by a dentist.

7. A dentist who desires to have his speciality inserted in the register, and who was not practising such speciality prior to the promulgation of these rules, shall be required to hold a degree or diploma indicating to the satisfaction of the Council a standard of professional education related to the speciality concerned higher than that prescribed for registration as a dentist, and to submit documentary proof to the Council as follows:—

- (a) that he has held a registrable qualification for a period of at least five years; and
- (b) that he has spent at least two of these years in general practice, or in lieu thereof has obtained such other experience as the Council may from time to time determine;
- (c) that he has spent either two years full-time, or longer part-time period covering the same prescribed course, in a recognised university, dental school, hospital, or similar institution or department, which provides satisfactory opportunity for the study of the particular speciality.

Removal of the name of a speciality from the register.

8. A medical practitioner or dentist may on written request, have the name of his speciality removed from the register of medical practitioners or dentists, as the case may be.

Conditions governing the practice of specialists.

9. A medical practitioner or dentist whose speciality has been registered by the Council shall confine his practice to the speciality or associated specialities registered against his name and the retention of that speciality or those specialities in the register against his name shall be contingent on his doing so; provided, however, that it shall be incumbent on a specialist to perform without extra charge, such other examinations as are usually performed by general practitioners, and provided further that a medical practitioner or dentist whose speciality has been registered shall not charge for examinations or procedures which properly fall under other specialities.

10. A specialist shall not practise in partnership with a general practitioner or with a specialist practising some other speciality.

11. A specialist shall not take over a patient from another practitioner, whether he be a specialist or a general practitioner, except with the consent of the prac-

'n totaal dus van vier jaar; met dien verstande dat die totale tydperk in 'n opleidingshospitaal deurgebring, minstens drie jaar moet wees.

Opmerking (7) — Indien 'n geneesheer in beide die neurologie en die psigiatrie wil spesialiseer, word die totale tydperk van kliniese spesialiteitsopleiding vyf jaar, met 'n minimum van twee jaar ondervinding in elke spesialiteit.

Opmerking (8) — In die spesialiteit psigiatrie moet kliniese ondervinding, ingevolge die bovermelde reëls, 'n minimum tydperk van twaalf maande ondervinding in 'n sielsiekehospitaal insluit, waarvan minstens ses maande in 'n sielsiekehospitaal wat ook 'n opleidingshospitaal is, moet wees; in geval van werk gedoen in 'n sielsiekehospitaal wat nie ook 'n opleidingshospitaal is nie, is die bepaling van *Opmerking (3)* hierbo, van toepassing.

Opmerking (9) — Indien 'n praktisyn in beide die diagnostiese radiologie en die terapeutiese radiologie wil spesialiseer, word die totale tydperk van kliniese spesialiteitsopleiding vyf jaar, met 'n minimum van twee jaar ondervinding in elke spesialiteit.

6. Ondanks andersluidende bepalinge in hierdie reëls, is die Raad geregtig om die spesialiteit van 'n geneesheer wat nie ten volle aan die vereistes van hierdie reëls voldoen het nie, te registreer indien die Raad na behoorlike ondersoek daarvan oortuig is dat sodanige geneesheer bevoeg is om as spesialis te praktiseer.

Vereistes vir die registrasie van 'n spesialiteit deur 'n tandarts.

7. Van 'n tandarts wat sy spesialiteit in die register wil laat inskryf en wat nie sodanige spesialiteit voor die afkondiging van hierdie reëls beoefen het nie, word vereis dat hy 'n graad of diploma moet besit wat tot tevredeheid van die Raad 'n standaard van professionele opleiding in verband met die betrokke spesialiteit toon wat hoër is as dié wat vir die registrasie as 'n tandarts voorgeskryf is, en dat hy die volgende dokumentêre bewyse aan die Raad voorleë —

- (a) dat hy vir 'n tydperk van minstens vyf jaar in besit was van 'n registreerbare kwalifikasie; en
- (b) dat hy minstens twee jaar van hierdie tydperk die algemene praktyk beoefen het, of in plaas daarvan sodanige ander ondervinding opgedoen het as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal;
- (c) dat hy of twee jaar voltyds, of 'n langer tydperk deelyds wat dieselfde voorgeskrewe kursus behels, aan 'n erkende universiteit, tandheelkundige skool, hospitaal of soortgelyke inrigting of departement deurgebring het, wat bevredigende geleentheid bied vir die studie van die besondere spesialiteit.

Verwydering van die naam van 'n spesialiteit uit die register.

8. 'n Geneesheer of tandarts kan op skriftelike versoek die naam van sy spesialiteit van die register van geneeshere of tandartse, na gelang van die geval, laat verwyder.

Voorwaardes betreffende die regulering van spesialiteitspraktyk.

9. 'n Geneesheer of tandarts wie se spesialiteit deur die Raad geregistreer is, moet sy praktyk beperk tot die spesialiteit of verwante spesialiteite wat teenoor sy naam geregistreer is, en die behoud van die betrokke spesialiteit of spesialiteite teenoor sy naam in die register hang daarvan af of hy dit doen; met dien verstande dat dit die plig van 'n spesialis is om sodanige ander ondersoeke wat gewoonlik deur algemene praktisyne uitgevoer word, sonder enige bykomende koste uit te voer, en met dien verstande verder dat 'n geneesheer of 'n tandarts wie se spesialiteit geregistreer is, nie gelde mag vorder vir ondersoeke of prosedures wat eintlik onder ander spesialiteite val nie.

10. 'n Spesialis mag nie in vennootskap praktiseer met 'n algemene praktisyn of met 'n spesialis wat 'n ander spesialiteit praktiseer nie.

11. 'n Spesialis mag nie 'n pasiënt van 'n ander praktisyn, hetsy hy 'n spesialis of 'n algemene praktisyn is, oorneem nie behalwe met die toestemming van die be-

itioner concerned. Such consent shall not be unreasonably withheld.

12. A specialist shall not do domiciliary visiting except when requested to do so by or with the consent of a general practitioner.

13. A specialist may treat any person who may come to him direct for consultation.

14. A specialist who is consulted by a patient, or who treats a patient, shall take all reasonable steps to ensure the collaboration of the patient's general medical practitioner or dentist (meaning general practitioner), as the case may be.

Note. Nothing in these rules contained shall interfere in any way with the usual ethical standards relating to emergency.

No. R. 182 (Union) [12th February, 1960.]

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF AN ORDINARY DUMPING DUTY. (DUMP 11)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby declare that an ordinary dumping duty, as defined in paragraph (a) of section *eighty-four* of the said Act, shall, in addition to any other duty payable thereon, be levied upon the following goods imported into the Union from, or originating in, the territory mentioned hereunder, and I hereby notify, in terms of section *eighty-six* of the said Act, that the dumping duty shall apply to any such goods included under items 901 and 933 of the Third Schedule to that Act.

Tariff Item.	Goods.	Territory.
ex 329(2)	Self-adhesive plasters	United States of America.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

No. R. 211 (Union) [19th February, 1960.]

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE. (NO. 1/23).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting under the powers conferred on me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

Tariff Item.	Article.	Minimum duty.	Intermediate duty.	Maximum duty.
		£. s. d.	£. s. d.	£. s. d.
84	By substituting for subparagraphs (b) and (c) of paragraph (1) the following: “(b) Other	—	10%	—

No. R. 212 (Union) [19th February, 1960.]

CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE. (NO. 1/24).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting under the powers conferred on me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

trokke praktisyn. Sodanige toestemming mag nie onredelikerwys teruggehou word nie.

12. 'n Spesialis mag nie tuisbesoeke aflê nie behalwe op versoek of met die toestemming van 'n algemene praktisyn.

13. 'n Spesialis kan enigeen behandel wat regstreeks na hom gaan vir raadpleging.

14. 'n Spesialis wat deur 'n pasiënt geraadpleeg word of wat 'n pasiënt behandel, moet alle redelike maatreëls tref om die samewerking te verseker van die pasiënt se algemene mediese praktisyn of tandarts (d.w.s. algemene tandheelkundige praktisyn), na gelang van die geval.

Opmerking: Niks in hierdie reëls mag in enige opsig inbreuk maak op die gebruikelike etiese standaarde met betrekking tot 'n toestand van nood nie.

No. R. 182 (Unie) [12 Februarie 1960.]

DOEANEWET, 1955. — OPLEGGING VAN 'N GEWONE DUMPINGREG. (DUMP 11)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tagtig* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, verklaar hierby dat 'n gewone dumpingreg, soos in paragraaf (a) van artikel *vier-en-tagtig* van genoemde Wet omskryf, op ondergenoemde goedere wat uit ondervermelde gebied in die Unie ingevoer word of wat van daardie gebied afkomstig is, gehef word bo en behalwe enige ander reg wat daarop betaalbaar is, en ingevolge artikel *ses-en-tagtig* van vermelde Wet maak ek hierby bekend dat die dumpingreg van toepassing is ten opsigte van enige sodanige goedere wat onder items 901 en 933 van die Derde Bylae van daardie Wet ingesluit word.

Tariefitem.	Goedere.	Gebied.
ex 329(2)	Kleefpleisters	Verenigde State van Amerika.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

No. R. 211 (Unie) [19 Februarie 1960.]

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE. (NO. 1/23).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

Tariefitem	Artikel.	Minimum reg.	Intermediêre reg.	Maksimum reg.
		£. s. d.	£. s. d.	£. s. d.
84	Deur subparagraph (b) en (c) van paragraaf (1) deur die volgende te vervang: “(b) Ander	—	10%	—

No. R. 212 (Unie) [19 Februarie 1960.]

DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE. (NO. 1/24).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

SCHEDULE.					BYLAE.																
Tariff item	Article.	Minimum duty.	Intermediate duty	Maximum duty	Tarief-item	Artikel.	Minimum reg.	Intermediêre reg.	Maksimum reg.												
		£. s. d.	£. s. d.	£. s. d.			£. s. d.	£. s. d.	£. s. d.												
121	By substituting for paragraph (a) the following: “(a) Brass, bronze, copper and copper alloys: (i) Sheets or sheeting, plain or perforated, exceeding 12 inches in width — (A) less than 0.030 inches in thickness - per 100 lb. — (B) 0.030 inches and more, but not exceeding 0.099 inches in thickness - per 100 lb. — (C) exceeding 0.099 inches in thickness - per 100 lb. — (ii) Circles, plain or perforated - per 100 lb. — (iii) Strips, plain or perforated, not exceeding 12 inches in width - per 100 lb. — (iv) Foil - per 100 lb. — (v) Extruded sections —		3 00	—	121	Deur paragraaf (a) deur die volgende te vervang: „(a) Geelkoper, brons, koper en koperalloeie: (i) Plate of plaat, gewoon of geperforeerd, breër as 12 duim — (A) minder as 0.030 duim dik - per 100 lb. — (B) 0.030 duim en meer, maar hoogstens 0.099 duim dik - per 100 lb. — (C) meer as 0.099 duim dik - per 100 lb. — (ii) Sirkels, gewoon of geperforeerd - per 100 lb. — (iii) Repe, gewoon of geperforeerd, hoogstens 12 duim breed - per 100 lb. — (iv) Foelie - per 100 lb. — (v) Uitgedrewe seksies —		3 00	—	—	2 00	—	1 15 0	—	1 10 0	—	1 10 0	—	—	Free	—

No. R. 213 (Union) [19th February, 1960.
CUSTOMS ACT, 1955. — AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (NO. 1/25)

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting under the powers conferred on me by section sixty-five of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.				
Tariff Item	Article	Minimum duty	Intermediate duty	Maximum duty
		£. s. d.	£. s. d.	£. s. d.
251	By substituting for the rates of duty in subparagraph (ii) of paragraph (a) the following: per pair whichever duty shall be the greater.”	—	15% or 0 20	30% 0 40
	By substituting for subparagraph (i) of paragraph (b) the following: “(i) children's, sizes 7 to 1½ per pair whichever duty shall be the greater.”	—	30% or 0 10	30% 0 50
	By substituting for the rates of duty in subparagraph (ii) of paragraph (b) the following: per pair whichever duty shall be the greater.”	—	30% or 0 36	30% 0 10 0
	By substituting for the rates of duty in subpa-			

No. R. 213 (Unie) [19 Februarie 1960.
DOEANEWET, 1955. — WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE. (NO. 1/25).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel vyf-en-sestig van die Doeane-wet, 1955, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.				
Tarief-item	Artikel	Minimum reg.	Intermediêre reg.	Maksimum reg.
		£. s. d.	£. s. d.	£. s. d.
251	Deur die regte in subparagraaf (ii) van paragraaf (a) deur die volgende te vervang: per paar na gelang van watter reg die hoogste is.”	—	15% of 0 20	30% 0 40
	Deur subparagraaf (i) van paragraaf (b) deur die volgende te vervang: „(i) Kinderskoene, nommers 7 tot 1½ per paar na gelang van watter reg die hoogste is.”	—	30% of 0 10	30% 0 50
	Deur die regte in subparagraaf (ii) van paragraaf (b) deur die volgende te vervang: per paar na gelang van watter reg die hoogste is.”	—	30% of 0 36	30% 0 10 0
	Deur die regte in subparagraaf (iii) van para-			

paragraph (iii) of paragraph (h) the following: — 25% 30%
 or
 per pair — 0 50 0 76
 whichever duty shall be the greater."

By substituting for the rates of duty in subparagraph (i) of paragraph (c) the following: 30% 30% 30%
 or
 per pair 0 06 0 16 0 76
 whichever duty shall be the greater."

By substituting for subparagraph (ii) of paragraph (c) the following:
 "(ii) other —
 (A) sizes 2 to 4 — 30% 30%
 or
 per pair — — 0 76
 whichever duty shall be the greater."
 (B) other sizes — 30% 30%
 or
 per pair — — 0 26
 whichever duty shall be the greater."

By substituting for the rates of duty in subparagraph (ii) of paragraph (d) the following: — 30% 30%
 or
 per pair — — 0 10 0
 whichever duty shall be the greater."

graaf (b) deur die volgende te vervang: — 25% 30%
 of
 per paar — 0 50 0 76
 na gelang van watter reg die hoogste is."

Deur die rege in subparagraaf (i) van paragraaf (c) deur die volgende te vervang: 30% 30% 30%
 of
 per paar 0 06 0 16 0 76
 na gelang van watter reg die hoogste is."

Deur subparagraaf (ii) van paragraaf (c) deur die volgende te vervang:
 "(ii) ander —
 (A) nommers 2 tot 4 — 30% 30%
 of
 per paar — — 0 76
 na gelang van watter reg die hoogste is."
 (B) ander nommers — 30% 30%
 of
 per paar — — 0 26
 na gelang van watter reg die hoogste is."

Deur die rege in subparagraaf (ii) van paragraaf (d) deur die volgende te vervang: — 30% 30%
 of
 per paar — — 0 10 0
 na gelang van watter reg die hoogste is."

No. R. 214 (Union)] [19th February, 1960.

CUSTOMS ACT, 1955 — ADMISSION OF CERTAIN GOODS AT REDUCED RATES OF DUTY.

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of tariff item 224(a) of the First Schedule to the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), hereby approve of the addition after the expression "Totaquina B.P. 1932" in paragraph 13(i) of Government Notice No. 226 of the 17th February, 1956, of the name of the following preparation:

"T-40 Bromsalicylhydroxamic Acid Powder".

T. E. DÖNGES,
 Minister of Finance.

NOTE: The effect of this notice is that, with effect from the date of publication hereof, the preparation mentioned may be imported free of duty under tariff item 224(a).

No. R. 214 (Unie)] [19 Februarie 1960.

DOEANEWET, 1955 — TOELATING VAN SEKERE GOEDERE TEEN VERLAAGDE TARIEWE.

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens tariefitem 224(a) van die Eerste Bylae van die Doeane wet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), keur hierby die byvoeging na die uitdrukking „Totaquina B.P. 1932" in paragraaf 13(i) van Goewermentskennisgewing No. 226 van 17 Februarie 1956, van die naam van die volgende preparaat goed:

„T-40 Broomsalisielhidroksaamsuurpoeier".

T. E. DÖNGES,
 Minister van Finansies.

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat genoemde preparaat, met ingang van die datum van publikasie hiervan, ingevolge tariefitem 224(a) vry van reg ingevoer kan word.

General Notices.

(No. 22 of 1960)

SOUTH WEST AFRICA.

RETURN OF FARMS UNDER QUARANTINE FOR SCHEDULED DISEASES: 1ST DECEMBER, 1959

District	Farm
DOURINE.	
OMARURU:	Onjombojomuwiwa 32, Gesondheid 158
GOBABIS:	Anderson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172, Chimo 395, Bosville 673, Disal 674, Plaas 432, Matuabato

Algemene Kennisgewings.

(No. 22 van 1960)

SUIDWES-AFRIKA.

OPGAWE VAN PLASE ONDER KWARANTYEN VIR GEPROKLAMEERDE VEESIEKTES: 1 DESEMBER 1959.

Distrik	Plaas
SLAPSIEKTE	
OMARURU:	Onjombojomuwiwa 32, Gesondheid 158
GOBABIS:	Anderson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172, Chimo 395, Bosville 673, Disal 674, Plaas 432, Matuabato

OKAHANDJA: Otjosondvombo 116, Rodenbeck 120
 REHOBOOTH: Namibgrens 154
 WINDHOEK: Commonage, Aub 321, Aandrus 362, Dirleen 328, Friedental 44, Ondekaremba
 BETHANIE: Pfalz 61, Doachas 67
 KEETMANSHOOP: Tses and Berseba Reserve, Gavaams 6
 MALTHAHÖHE: Süderecke 63
 GIBEON: Pniel 458
 GROOTFONTEIN: Ombamje 787

BLACKQUARTER.

GOBABIS: Skakels 430
 OTJIWARONGO: Orutjiwa 240

AFRICAN SWINE FEVER.

GROOTFONTEIN: Hermain 96
 OMARURU: Eros 30, Waldfrieden 72
 OKAHANDJA: Otjomasso 280, Okavatuta 110
 TSUMEB: Sachsen 302

TUBERCULOSIS.

WINDHOEK: Jonkersgrab

ANTHRAX.

OKAHANDJA: Stormberg 227
 WINDHOEK: Koanus 123, Abbattoir.

J. S. WATT,
 Director of Agriculture.

(No. 23 of 1960)

SOUTH WEST AFRICA.

RETURN OF FARMS UNDER QUARANTINE FOR SCHEDULED DISEASES: 1ST JANUARY, 1960

<i>District</i>	<i>Farm</i>
-----------------	-------------

DOURINE.

OMARURU: Onjombojumuwiwa 32, Gesondheid 158
 GOBABIS: Anderson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172, Chimo 395, Bosville 673, Disal 674, Plaas 432, Matuabato
 OKAHANDJA: Otjosondvombo 116, Rodenbeck 120, Gesondheid 158
 REHOBOOTH: Namibgrens 154
 WINDHOEK: Commonage, Aub 321, Aandrus 362, Dirleen 328, Ondekaremba
 BETHANIE: Pfalz 61, Doachas 67, Geluk 4
 KEETMANSHOOP: Tses and Berseba Reserve, Gavaams 6
 MALTHAHÖHE: Süderecke 63
 GIBEON: Pniel 458

BLACKQUARTER.

GOBABIS: Skakels 430
 OTJIWARONGO: Orutjiwa 240

AFRICAN SWINE FEVER.

GROOTFONTEIN: Hermain 96
 OMARURU: Eros 30, Waldfrieden 72
 OKAHANDJA: Otjomasso 280, Okavatuta 110
 TSUMEB: Sachsen 302

TUBERCULOSIS.

WINDHOEK: Jonkersgrab 8

J. S. WATT,
 Director of Agriculture.

(No. 24 of 1960)

APPLICATION TO HAVE LAND PROCLAIMED A PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mr. J. B. F. von Puttkamer proposes having his farm Gross Oukongo situate in the district of Okahandja, proclaimed a Private Game Reserve in terms of the Game Parks and Private Game

OKAHANDJA: Otjosondvombo 116, Rodenbeck 120
 REHOBOOTH: Namibgrens 154
 WINDHOEK: Meent, Aub 321, Aandrus 362, Dirleen 328, Friedental 44, Ondekaremba
 BETHANIE: Pfalz 61, Doachas 67
 KEETMANSHOOP: Tses en Berseba Reservaat, Gavaams 6
 MALTHAHÖHE: Süderecke 63
 GIBEON: Pniel 458
 GROOTFONTEIN: Ombamje 787

SPONSSIEKTE.

GOBABIS: Skakels 430
 OTJIWARONGO: Orutjiwa 240

VARKPES.

GROOTFONTEIN: Hermain 96
 OMARURU: Eros 30, Waldfrieden 72
 OKAHANDJA: Otjomasso 280, Okavatuta 110
 TSUMEB: Sachsen 302

TERING.

WINDHOEK: Jonkersgrab

MILTSIEKTE.

OKAHANDJA: Stormberg 227
 WINDHOEK: Koanus 123, Slagpale

J. S. WATT,
 Direkteur van Landbou.

(No. 23 van 1960)

SUIDWES-AFRIKA.

OPGAWE VAN PLASE ONDER KWARRANTYN VIR GEPROKLAMEERDE VEESIEKTES: 1 JANUARIE 1960.

<i>Distrik</i>	<i>Plaas</i>
----------------	--------------

SLAPSIEKTE

OMARURU: Onjombojumuwiwa 32, Gesondheid 158
 GOBABIS: Anderson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172, Chimo 395, Bosville 673, Disal 674, Plaas 432, Matuabato
 OKAHANDJA: Otjosondvombo 116, Rodenbeck 120, Gesondheid 158
 REHOBOOTH: Namibgrens 154
 WINDHOEK: Meent, Aub 321, Aandrus 362, Dirleen 328, Ondekaremba
 BETHANIE: Pfalz 61, Doachas 67, Geluk 4
 KEETMANSHOOP: Tses en Berseba Reservaat, Gavaams 6
 MALTHAHÖHE: Süderecke 63
 GIBEON: Pniel 458

SPONSSIEKTE.

GOBABIS: Skakels 430
 OTJIWARONGO: Orutjiwa 240

VARKPES.

GROOTFONTEIN: Hermain 96
 OMARURU: Eros 30, Waldfrieden 72
 OKAHANDJA: Otjomasso 280, Okavatuta 110
 TSUMEB: Sachsen 302

TERING.

WINDHOEK: Jonkersgrab 8

J. S. WATT,
 Direkteur van Landbou.

(No. 24 van 1960)

AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILDRESERVE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennisgewing geskied hiermee dat mnr. J. B. F. von Puttkamer van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalinge van die Ordonnansie op Wildtuine en Private Wildreserwes 1958, en die regulasies daaringevolge afgekondig, sy plaas Gross Oukongo geleë in die distrik

Reserves Ordinance, 1958, and the regulations published thereunder.

Anyone who has objections is invited to lodge his/her complaint in writing with me within three months from the date below.

C. F. MARAIS
Secretary for South West Africa

Windhoek.
Date 10.2.1960.

(No. 25 of 1960)

I, DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, Administrator of South West Africa, under and by virtue of the powers in me vested by Section *eighteen* of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1954 (Ordinance No. 26 of 1954), as amended, do hereby withdraw from pegging for all minerals until further notice, the Territory of South West Africa outside the Police Zone.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

(No. 26 of 1960)

It is hereby notified in terms of sub-section (5) of Section 8 of the Townships Ordinance, No. 11 of 1928, that application has been made for the establishment of the following: —

1. Windhoek Township Extension on Portion B of the farm Windhoek Town and Townlands No. 31 (for industrial purposes),
2. Windhoek Coloureds Township on Portion B of the farm Windhoek Town and Townlands No. 31 (for residential purposes by Coloureds), and
3. Windhoek Township Extension on Block XXXV Windhoek Township, and on Portion B of the farm Windhoek Town and Townlands No. 31 (for residential purposes by Whites),

and that the application is open for inspection at the office of the Surveyor-General at Windhoek.

The Townships Board will meet at the office of the Town Clerk at Windhoek at 10.30 o'clock a.m. on the 8th March, 1960, to inspect the site and to hear evidence in connection therewith.

Any person who objects to the granting of the application or who desires to be heard in the matter may give personal evidence before the Board at the place and on the date specified or may submit evidence in writing provided that written evidence shall be in the hands of the Board not later than the 5th March, 1960.

G. C. BALL,
Chairman: Townships Board.

Office of the Surveyor-General,
Windhoek.

(No. 93 of 1960 (Union).)

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of Section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information.

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 31ST DAY OF DECEMBER, 1959

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Societies Act, 1934).

Okahandja, tot 'n Private Wildreserwe te laat prokla-
meer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die ondervermelde datum.

C. F. MARAIS.
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Windhoek.
Datum 10/2/1960.

(No. 25 van 1960)

Ek, DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, Administrateur van Suidwes-Afrika, kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *agtien* van die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954 (Ordonnansie 26 van 1954) soos gewysig, onttrek hierby tot nadere kennisgewing die hele Gebied van Suidwes-Afrika buite die Polisiestreek van kleimafsteking vir alle minerale.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

(No. 26 van 1960)

Dit word hiermee bekendgemaak kragtens sub-artikel (5) van Artikel 8 van die Dorpe-Ordonnansie No. 11 van 1928, dat aansoek gedoen is vir die stigting van die volgende:—

1. Windhoek Dorp Uitbreiding op Gedeelte B van die plaas Windhoek Dorp en Dorpsgronde No. 31 (vir nywerheidsdoeleindes),
2. Windhoek Kleurlingdorp op Gedeelte B van die plaas Windhoek Dorp en Dorpsgronde No. 31 (vir woon-doeleindes vir Kleurlinge), en
3. Windhoek Dorp Uitbreiding op Blok XXXV Windhoek Dorp, en op Gedeelte B van die plaas Windhoek Dorp en Dorpsgronde No. 31 (vir woondoeleindes deur Blankes),

en dat die aansoeke ter insae lê by die kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek.

Die Dorperaad sal in die kantoor van die Stadsklerk te Windhoek om 10.30 v.m. op 8 Maart 1960 vergadering hou om getuienis in verband met die uitbreidings en uitleg aan te hoor en om die terreine te inspekteer.

Enige persoon wat beswaar of 'n verklaring in verband met die saak wil maak, mag persoonlik voor die Raad op die bogenoemde datum en plek verskyn of mag skriftelik in verbinding tree met die Raad, met dien verstande dat die skriftelike getuienis nie later as 5 Maart 1960 in die hande van die Raad moet wees nie.

G. C. BALL,
Voorsitter: Dorperaad.

Kantoor van die Landmeter-generaal,
Windhoek.

(No. 93 van 1960 (Unie).)

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet 1934, word onderstaande Saamgestelde Opgawes vir algemene inligting gepubliseer.

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 31STE DAG VAN DESEMBER 1959

(Ingevolge artikel *vier-en-veertig* van die Bouverenigingswet, 1934).

	No.	Amount	Getal	Bedrag
Number of Societies	29		29	
Share Capital:				
Indefinite		£270,240,643		
Fixed Period		£ 14,890,296		
Total		£285,130,939		£285,130,939
Unimpaired Reserve Fund		£ 24,846,602		£ 24,846,602
Deposits:				
Fixed		£174,686,571		
Savings		£ 98,227,117		
Total		£272,913,688		£272,913,688
Accrued Interest		£ 5,620,106		£ 5,620,106
Loans and Overdrafts		£ 3,341,607		£ 3,341,607
Mortgage Advances:				
(1) Advances over £5,000	8,161	£ 98,110,459	8,161	£ 98,110,459
* (2) All Advances	212,725	£469,266,409	212,725	£469,266,409
Granted but not paid out		£ 27,512,204		£ 27,512,204
Liquid Assets:				
Cash and Deposits		£ 15,331,903		£ 15,331,903
Unencumbered Securities		£ 84,439,545		£ 84,439,545
Accrued Interest		£ 1,038,928		£ 1,038,928
Total		£100,810,376		£100,810,376
Statutory Minimum Amount		£ 69,485,613		£ 69,485,613

* In Notice No. 40 (Government Gazette of 22nd January, 1960) the amount under this item was erroneously published as 446,230,370, instead of 466,230,370.

	Getal	Bedrag
Getal Verenigings	29	
Aandelekapitaal:		
Onbepaald		£270,240,643
Vaste Termyn		£ 14,890,296
Totaal		£285,130,939
Onaangetaste Reserwe Fonds		£ 24,846,602
Deposito's:		
Vaste		£174,686,571
Spaar		£ 98,227,117
Totaal		£272,913,688
Opgelope Rente		£ 5,620,106
Lenings en Oortrekkings Voorskotte teen verband:		
(1) Voorskotte bo £5,000	8,161	£ 98,110,459
* (2) Alle Voorskotte	212,725	£469,266,409
Toegestaan maar nie uitbetaal nie		£ 27,512,204
Likwiede Bates:		
Kontant en Deposito's		£ 15,331,903
Onbeswaarde Effekte		£ 84,439,545
Opgelope Rente		£ 1,038,928
Totaal		£100,810,376
Statutêre Minimum Bedrag		£ 69,485,613

* In Kennisgewing No. 40 (Staatskoerant van 22 Januarie 1960) is die bedrag onder hierdie pos foutief as 446,230,370 instede van 466,230,370 gepubliseer.

(No. 99 of 1960 (Union).)

(No. 99 van 1960 (Unie).)

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH

SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

REVISION OF SPECIFICATIONS

HERSIENING VAN SPESIFIKASIES

It is hereby notified for general information that the Standards Council, a committee established in terms of section eleven of the Standards Act, 1945, acting in pursuance of the powers assigned to it by the Council for Scientific and Industrial Research under sub-section (2) of that section, agreed to the revision of the specifications listed below, and that the Minister of Economic Affairs has approved the retention of the S.A.B.S. ellipse-diamond standardization mark in respect of the commodities listed below.



Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Standaarderaad, 'n komitee wat kragtens artikel elf van die Wet op Standaarde, 1945, ingestel is en optree ingevolge die bevoegdheid deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad kragtens sub-artikel (2) van die artikel aan hom verleen, die onderstaande spesifikasies hersien het, en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake die behoud van die S.A.B.S. ellipsdiamant-standaardmerk ten opsigte van die hersiene spesifikasies goedgekeur het.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the S.A.B.S. ellipse-diamond standardization mark to the commodities listed below, may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the products in accordance with the revised specifications, and furthermore that the relevant standardization mark shall in any event cease to be applicable in respect of the original specifications after 31st May, 1960.

Die Raad het verder besluit dat alle houers van permitte om die S.A.B.S.-ellipsdiamantstandaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die hersiene spesifikasies mag voortgaan, en verder dat die betrokke standaardmerk in elk geval na 31 Mei 1960 nie meer van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasies nie.

Copies of the relevant specifications are obtainable from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

Eksemplare van die betrokke spesifikasies is verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria.

Previous specification number Oorspronklike spesifikasienommer.	New specification number. Nuwe spesifikasienommer.	Short title Kort titel	Mark Merk
242-1950	242-1959	Stainless steel sinks and sink units/ Opwasbakke van vlekvrystaal	
343-1952	343-1959	Steel bedside lockers/Staalbedkassies	

415-1952

415-1959

Woollen flannel/Wolflennie



576-1956

576-1959

Knitting wool/Breiwol



(No. 100 of 1960 (Union).)

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH

AMENDMENT OF SPECIFICATIONS

It is hereby notified for general information that the Standards Council, a committee established in terms of section *eleven* of the Standards Act, 1945, acting in pursuance of the powers assigned to it by the Council for Scientific and Industrial Research under sub-section (2) of that section approved the amendment of the specifications listed below and that the Honourable the Minister of Economic Affairs has been pleased to approve the retention of the S.A.B.S.-ellipse-diamond standardization mark in respect of the amended specifications.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the S.A.B.S. ellipse-diamond standardization mark to the commodities listed below may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the products in accordance with the amended specifications and furthermore that the relevant standardization mark shall in any event cease to be applicable in respect of the original specifications after the 31st of May 1960.

Persons in possession of copies of the original specifications may on application obtain gratis copies of the amendment slips, post free, from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

(No. 100 van 1960 (Unie).)

SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

WYSIGING VAN SPESIFIKASIES

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Standaarderaad, 'n Komitee wat kragtens afdeling *elf* van die Wet op Standaarde, 1945 ingestel is en optree ingevolge die bevoegdheid deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad kragtens subartikel (2) van dié artikel aan hom verleen, die onderstaande spesifikasies gewysig het, en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake die behoud van die S.A.B.S.-ellips-diamantstandaardmerk ten opsigte van die gewysigde spesifikasies goedgekeur het.

Die Raad het verder besluit dat houers van permitte om die S.A.B.S.-ellips-diamantstandaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die gewysigde spesifikasies mag voortgaan, en verder dat die betrokke standaardmerk in elk geval na 31 Mei 1960 nie meer van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasies nie.

Diegene wat eksemplare van die oorspronklike spesifikasies besit, kan op aanvraag, kosteloos en posvry, eksemplare van die wysigings-strokies by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria, verkry.

Specification Spesifikasie- No.	Short title Kort titel	Scope of amendment. Bestek van wysiging.	Mark. Merk.
286-1951	Asbestos cement pressure pipes/Asbessementpype onder druk	The requirement for maturing, the tolerance allowed and method have been amended/Die vereiste vir veroudering, die afwykings toegelaat en metode, is gewysig.	
338-1952	Calico and cotton sheeting/ Kaliko en katoenlakengoed	The specification has been amended to include a new type/Die spesifikasie is gewysig om 'n nuwe tipe in te sluit.	

(No. 112 of 1960 (Union).)

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH

I, Stefan Meiring Naude, Chairman of the Standards Council, a committee established in terms of section eleven of the Standards Act 1945, acting in pursuance of






(No. 112 van 1960 (Unie).)

SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

Ek, Stefan Meiring Naude, Voorsitter van die Standaarderaad, 'n komitee kragtens artikel elf van die Wet op Standaarde 1945 ingestel, in uitvoering van die be-

the powers assigned to it by the Council for Scientific and Industrial Research under sub-section (2) of that section, do hereby, with the approval of the Honourable the Minister of Economic Affairs and on behalf of the said Council, declare the mark illustrated below to be the standardization mark in respect of the commodities indicated.

voegdhede aan hom deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad kragtens sub-artikel (2) van daardie artikel verleen, verklaar hiermee, met goedkeuring van Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake en namens voormelde Raad, dat die merk hieronder afgebeeld die standaardmerk van die aangegewe handelsartikels is.

Specification Spesifikasie-No.	Commodity Handelsartikel	Scope of specification Bestek van spesifikasie	Mark Merk
550-1959	Wooden ladders/Houtlere	This specification covers different types of wooden ladders/Hierdie spesifikasie dek verskillende tipes houtlere	
617-1959	Glass bottles for the liquor trade/Glasbottels vir die drankhandel	This specification covers different types of glass bottles/Hierdie spesifikasie behandel verskillende tipes glasbottels.	
657-1959	Steel tubes for general engineering purposes/Staalbuise vir algemene ingenieurswerk	This specification covers the dimensional, material and mechanical requirements of plain carbon steel tubes for general engineering purposes/Hierdie spesifikasie dek die afmetings- materiaal en meganiese vereiste vir gewone koolstofstaalbuise in algemene werktuigkundige doeleindes.	
682-1959	Finishing paint, aluminium type/Aluminiumdekverf	This specification covers two grades of aluminium paint for use as a finishing coat on primed surfaces for exterior and interior exposure/ Hierdie spesifikasie dek twee grade aluminiumverf vir gebruik as deklaag op vlakke met grondlaag op binne- en buitewerk.	
684-1959	Structural steel paint/Boustaalverf	This specification covers finishing paint for use on primed structural steel, and makes provision for three types of paint/Hierdie spesifikasie dek verf vir gebruik as dekverf oor grondverf op boustaal en maak voorsiening vir drie tipes verf.	

Copies of the relevant specifications are obtainable from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

Eksemplare van die betrokke spesifikasies, waarin volle besonderhere verstrek word, is verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria.

S. M. NAUDÉ,
Voorsitter/Chairman.

Advertisements.

Advertensies.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA.

1. The *Official Gazette* will be published on the 1st and 15th day of each month; in the event of either of those days falling on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* will be published on the next succeeding working day.

1. Die *Offisiële Koerant* sal op die 1e en 15e dag van elke maand verskyn; in geval een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertisements for insertion of the *Official Gazette* must be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P. O. Box 292, Windhoek, or be delivered to Room 10, Government Buildings, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANT KANTOOR, Posbus 292, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 10, Regeringsgebou, Windhoek, ingedien word, nie later as 4.30 n.m. op die NEGENDE dag

before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements will be inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement to the *Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements will be published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations must be furnished by the advertiser or his agent if desired.

5. Only legal advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who can refuse to accept or decline further publication of any advertisement.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. The Subscription for the *Official Gazette* is 30/- per annum, post free, in this Territory and the Union of South Africa obtainable from Messrs. John Meinert (Pty) Ltd., Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by Overseas subscribers. Single copies of the *Gazette* may be obtained either from Messrs. John Meinert (Pty) Ltd., Box 56, Windhoek, or from the Secretary for South West Africa at the price of 1/- per copy.

8. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in the succeeding paragraph is at the rate of 7/6 per inch single column and 15/- per inch double column, repeats half price. (Fractions of an inch to be reckoned as an inch).

9. Notices to Creditors and Debtors in the estate of deceased persons and notices of executors concerning liquidation accounts lying for inspection, are published in schedule form at 12/- per estate.

10. No advertisements will be inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 26 (1) (c) of Ordinance 17 of 1953 that the Roads Board of Rehoboth deems it desirable that the status of District Road 1282 be lowered to that of Public Road from Barnadespan 322 to Moutonsvlei 323.

A sketch indicating the position of the road may be seen at the office of the Landdrost at Rehoboth.

Interested persons may lodge their objections to the above lowering in status in writing with me within 2 months of publication hereof.

A. CHATWIND
Landdrost and Chairman of Roads Board,
Rehoboth.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 26(1) (b) of Ordinance 17 of 1953 that an application has been made that (a) Public Road 1271 be closed on Constantia 515; and (b) A new portion of Public Road 1271 be proclaimed from Constantia 515 to Solitaire 412.

A sketch indicating the position of the roads may be seen at the office of the Landdrost at Rehoboth.

Interested persons may lodge their objections to the above closing and proclamation in writing with me within 2 months of publication hereof.

A. CHATWIND.
Landdrost and Chairman of Roads Board,
Rehoboth.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 26(1) (c) of Ordinance 17 of 1953 that the Roads Board of Gobabis deems it desirable that

- (a) a public road be proclaimed from Indhlunkulu 331 via Halseton 332, Okaseka 218 and Cordova 217 to connect with Main Road 58 on the last mentioned farm; and
(b) District Road 1742 be deviated on the farm Mentz 65.

A sketch indicating the position of the roads may be seen at the office of the Landdrost at Gobabis.

Interested persons may lodge their objections to the above proclamation and deviation in writing with me within 2 months of publication hereof.

J. N. MARAIS,
Landdrost and Chairman of Roads Board
Gobabis.

voor die verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensie geplaas moet word nie.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Koerant*, al na die Sekretaris goeuvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertaling moet deur die adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs wetadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aan-neming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle name moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is 30s. posvry in hierdie gebied en die Unie van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkele eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek, of van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, teen 1s. per eksemplaar.

8. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewing wat in die volgende paragraaf genoem word, is teen die tarief van 7s. 6d. per duim enkelkolom en 15s. per duim dubbelkolom, herhalings teen halfprys. (Gedeeltes van 'n duim moet as volle duim gereken word).

9. Kennisgewings aan krediteure en debiteure in die boedels van oorlede persone en kennisgewings van eksekuteurs in verband met likwidasierekening, wat ter insae lê, word teen 12s. per boedel in skedulevorm gepubliseer.

10. Geen advertensie sal geplaas word tensy die koste vooruit betaal is nie. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

KENNISGEWING.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 26 (1) (c) van Ordonnansie 17 van 1953 dat die Padraad van Rehoboth dit nodig ag dat die status van Distrikspad 1282 verlaag word na die van Publieke Pad van Barnadespan 322 tot Moutonsvlei 323.

'n Skets wat die ligging van die pad aandui, lê by die kantoor van die Landdrost te Rehoboth ter insae.

Belanghebbende persone kan hulle besware teen die bo-vermelde verlaging in status skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

A. CHATWIND
Landdrost en Voorsitter van Padraad,
Rehoboth.

KENNISGEWING.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 26(1)(b) van Ordonnansie 17 van 1953 dat 'n aansoek gedoen is dat (a) Publieke pad 1271 gesluit word op Constantia 515; en (b) 'n nuwe gedeelte van Publieke Pad 1271 geproklameer word van Constantia 515 tot Solitaire 412.

'n Skets wat die ligging van die paaie aandui, lê by die kantoor van die Landdrost te Rehoboth ter insae.

Belanghebbende persone kan hulle besware teen die bo-vermelde sluiting en proklamering skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

A. CHATWIND.
Landdrost en Voorsitter van Padraad,
Rehoboth.

KENNISGEWING.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 26(1) (c) van Ordonnansie 17 van 1953 dat die Padraad van Gobabis dit nodig ag dat

- (a) 'n Publieke Pad geproklameer word van Indhlunkulu 331 oor Halseton 332, Okaseka 218 en Cordova 217 om aan te sluit by Grootpad 58 op die laasgenoemde plaas, en
(b) Distrikspad 1742 verlaag word op die plaas Mentz 65.

'n Skets wat die ligging van die paaie aandui, lê by die kantoor van die Landdrost te Gobabis ter insae.

Belanghebbende persone kan hulle besware teen die bo-vermelde proklamasie en verlegging skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

J. N. MARAIS,
Landdrost en Voorsitter van Padraad,
Gobabis.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 26(1) (c) of Ordinance 17 of 1953 that the Roads Board of Keetmanshoop deems it desirable that

- (a) Public Road 583 be closed from Uchanaris 56 to Gautas 61; and
- (b) District Road 615 and Public Road 625 be deviated on the farm Springboktrek Süd 236.

Sketches indicating the position of the roads may be seen at the office of the Landdrost at Keetmanshoop.

Interested persons may lodge their objections to the above closing and deviations in writing with me within 2 months of publication hereof.

A. L. C. LAMBRECHTS.
Landdrost and Chairman of Roads Board,
Keetmanshoop.

KENNISGEWING.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 26(1) (c) van Ordonnansie 17 van 1953 dat die Padraad van Keetmanshoop dit nodig ag dat

- (a) Publieke Pad 583 gesluit word van Uchanaris 56 tot Gautas 61; en
- (b) Distrikspad 615 en Publieke Pad 625 verlé word op die plaas Springboktrek Süd 236.

Sketse wat die ligging van die paaie aandui, lê by die kantoor van die Landdrost te Keetmanshoop ter insae.

Belanghebbende persone kan hulle besware teen die bovermelde sluiting of verleggings skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

A. L. C. LAMBRECHTS.
Landdrost en Voorsitter van Padraad,
Keetmanshoop.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 26(1) (b) of Ordinance 17 of 1953 that an application has been made that

- (a) Public Road 1465 be closed from Otjimukone 120 via Straussfeld 116 to Hillside 115;

(b) Public Road 1466 be closed from the homestead on the farm Straussfeld 116 to its junction with Public Road 1465 on the mentioned farm; and

(c) Public Road 1467 be extended from Straussfeld 116 to Hillside 115.

A sketch indicating the position of the roads may be seen at the office of the Landdrost in Windhoek.

Interested persons may lodge their objections to the above closings and extension in writing with me within 2 months of publication hereof.

C. L. HAGER
Landdrost and Chairman of Roads Board,
Windhoek

KENNISGEWING.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 26(1) (b) van Ordonnansie 17 van 1953 dat 'n aansoek gedoen is dat

- (a) Publieke Pad 1465 gesluit word van Otjimukona 120 oor Straussfeld 116 tot Hillside 115;

(b) Publieke Pad 1466 gesluit word van die opstal op die plaas Straussfeld 116 tot by sy aansluiting by Publieke Pad 1465 op genoemde plaas; en

(c) Publieke Pad 1467 verleng word vanaf Straussfeld 116 tot Hillside 115.

'n Skets wat die ligging van die paaie aandui, lê by die kantoor van die Landdrost in Windhoek ter insae.

Belanghebbende persone kan hulle besware teen die bovermelde sluitings en verlenging skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

C. L. HAGER
Landdrost en Voorsitter van Padraad,
Windhoek.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 26(1) (c) of Ordinance 17 of 1953 that the Roads Board of Windhoek deems it desirable that a Public Road be proclaimed from Krumneck 20 via Portion 1 of Lichtenstein 366, Portion B of Haigamas 25 and Portion A of Haigamas 25 to a point where it connects with District Road 1427 south of Leutwein Railway Siding, on the lastmentioned farm.

A sketch indicating the position of the proposed road may be seen at the office of the Landdrost at Windhoek.

Interested persons may lodge their objections to the above Proclamation in writing with me within 2 months of publication hereof.

C. L. HAGER.
Landdrost and Chairman of Roads Board,
Windhoek.

KENNISGEWING.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 26(1) (c) van Ordonnansie 17 van 1953 dat die Padraad van Windhoek dit nodig ag dat 'n Publieke Pad geproklameer word van Krumneck 20 oor Gedeelte 1 van Lichtenstein 366, Gedeelte B van Haigamas 25 en Gedeelte A van Haigamas 25 tot by 'n punt waar dit aansluit by Distrikspad 1427, suid van Leutwein Spoorweg sy lyn, op die laasgenoemde plaas.

'n Skets wat die ligging van die voorgestelde pad aandui, lê by die kantoor van die Landdrost te Windhoek ter insae.

Belanghebbende persone kan hulle besware teen die bovermelde proklamasie skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

C. L. HAGER.
Landdrost en Voorsitter van Padraad,
Windhoek.

GEREGTELIKE VERKOPE.

Saak Nr. 2156/1959. Tussen

F. G. ROOME

Eiser

en

D. N. NIEUWOUDT

Verweerder.

Ter uitvoering van 'n vonnis onder handtekening van die Klerk van die Hof van Walvisbaai sal die volgende goedere verkoop word voor die deur van die Walvisbaai Magistraatskantoor op Saterdag 5 Maart 1960 om 10 uur voormiddag. Die voorwaardes van die verkoping lê vir inspeksie by die kantore van die plaaslike Landdrost en Stability Trust Co.

Erf 936 groot 1250 vierkante meter in die munisipale gebied van Walvisbaai geleë in 9de Straat Oos Nr. 199 met woonhuis bestaande uit 3 slaapkamers, sitkamer, eetkamer, portaal, badkamer en latrine asook bediende kamer en motorhuis.

Geregsbode/Walvisbaai.

MUNISIPALITEIT VAN OTAVI.

KENNISGEWING.

SKUTVENDUSIE.

Die beste hieronder beskryf sal per Publieke Veiling verkoop word by die Munisipale Skutkrale op Saterdag 5 Maart 1960 om 10 uur voormiddag tensy vroeër gelos.

Beskrywing.	Brand en merk	Geskut deur
1 Rooibont koei met kort horings, ongeveer 5 jaar oud.	O ₁	Linkerblad Skutmeester
1 Rooi koei met horings, ongeveer 4 jaar oud.	TG	Linker-boud. do Regteroor winkelhaak voor.
2 Rooi tollies, ongeveer 18 maande	geen brand	do Linker oor Win- kelhaak van voor.
Diere geskut of 5/2/60.		
